





# Adventkalender

## 1. (Sondag)

### Kleur die engeltjie heel links in.

Versier saam julle Kersboom. Gesels oor al die versierings aan die boom. Waar kom dit vandaan? Wat beteken dit? Herinner mekaar dat die Kersboom ons laat dink aan die kruishout waaraan Jesus gesterf het.

## 2. Kleur die stad regs in.

Begin julle eie, splinternuwe Kerstradisie. Dit hoef nie iets groot of ingewikkeld te wees nie. Dalk kan dit 'n spesifieke Kersversiering wees wat julle op 'n spesifieke plek ophang, 'n spesifieke soort kos wat julle eet, 'n spesifieke gebed wat julle bid of 'n spesifieke lied wat julle saamsing.

## 3. Kleur die donkie in.

Vind meer uit oor die impak van dinge soos blinkertjies, ballonne en geskenkpapier op die natuur. Hoe gaan julle vanjaar Kersfees vier op 'n manier wat die natuur sal beskerm?

## 4. Kleur die voorste skapie in.

Maak saam Kersversierings. Maak nog versierings vir julle boom, as daar nog plek is. Of maak papierlinte, sterre, en so meer, en hang dit in die huis op. Onthou om die natuur te beskerm soos julle gister besluit het.

## 5. Kleur die kameel in.

Gesels oor lande waar baie mense nog nie vir Jesus ken nie. In hierdie lande is daar “sendelinge”. Dit

is mense wat vir ander van Jesus vertel. Het julle 'n sendeling wat julle ondersteun? Indien nie, bid daarvoor en kies iemand wat julle kan ondersteun. Bid vir “julle” sendeling. Skryf vir hom of haar 'n briefie van ondersteuning. As dit moontlik is, pos vir hulle 'n Kersgeskenk.

## 6. Kleur die skapie met die lammetjie in.

Vind die plek naaste aan julle waar straatkinders versorg word, of die naaste kinderhuis of baba-huis. Kontak hulle en vra wat hulle nodig het. (Moenie sommer self besluit wat vir julle lekker sal wees om vir hulle te gee nie. Baie van hierdie plekke het wenslysies op hulle webtuistes.) Kry 'n paar van hierdie items en neem dit vir hulle.

## 7. Kleur die middelste herder in.

Maak 'n kaartjie om vir julle onderwyser(s) dankie te sê vir hulle harde werk hierdie jaar. Onthou om dit Maandag vir hulle te neem. As jou skool al gesluit het, maak 'n ander plan om dit by hulle uit te kry.

## 8. (Sondag) Kleur die sterrekyker regs in.

Vertel vir mekaar wat julle die meeste van julle gemeente waardeer. Beplan hoe julle elkeen (van die heel jongste tot die heel oudste) volgende jaar in julle gemeente betrokke wil wees. Laat weet vir julle leraar wat julle graag wil doen.

## 9. Kleur die sterrekyker tweede van regs af in.

Vir wie wil julle vanjaar geskenke gee? Wat gaan julle vir hulle gee? Gesels oor die redes waarom julle vir

elkeen spesifiek daardie geskenk wil gee. Probeer om meeste van julle geskenke self te maak. As julle glad nie geskenke kan maak nie, stel 'n lysie op van wat julle moet gaan koop.

## 10. Kleur die voorste herder in.

Wie is die versorgers in julle omgewing? Dink aan die polisie, die brandweer en mense wat in hospitale werk. Bak koekies en neem dit vir hulle.

## 11. Kleur die voorste sterrekyker in.

Maak julle eie geskenkpapier om dag 9 se geskenke in toe te draai en só die natuur te help beskerm. Gewone bruinpapier of koerantpapier werk goed. Maak stempels van aartappels deur patrone, soos sterre of Kersbome, daarin uit te sny. Druk die aartappels dan in verf en op die papier.

## 12. Kleur die stal in.

Maak julle eie Kerstoneel van Jesus se geboorte. Wees so kreatief soos julle verbeelding julle toelaat. Gebruik speelgoed, klippe, plante, en so meer. Neem 'n foto van julle Kerstoneel en plaas dit op die sosiale media van julle keuse. “Tag” gerus vir Bybel-Media as julle wil ([facebook.com/bybelmedia](https://www.facebook.com/bybelmedia); [instagram.com/bybelmedia](https://www.instagram.com/bybelmedia); [twitter.com/BybelMedia](https://twitter.com/BybelMedia)).



# Adventkalender

## 13. Kleur die ligstrale links in.

Vertel vir mekaar wie die afgelope jaar “lig” in julle lewe gebring het, iemand wat vir julle vreugde gebring of julle spesiaal laat voel het. Hoe gaan julle vir hierdie mense dankie sê? Dalk kan julle vir hulle ’n kaartjie maak, ’n boodskap stuur of hulle bel.

## 14. Kleur die ligstrale regs in.

Doen iets wat julle as gesin saam geniet: Gaan swem in die see, gaan stap, kyk ’n Kersfeesflik of speel speletjies.

## 15. (Sondag) Kleur die ligstrale links onder in.

Hierdie ligstrale is nogal moeilik om in te kleur, want dit is agter die ander prentjies. Soms kan jy net klein stukkies daarvan sien. Jy sien nie goed watter ligstrale by mekaar pas nie. Vertel vir mekaar van kere toe die lewe vir julle so gevoel het, toe dit moeilik was om die lig te sien, om te sien hoe dinge by mekaar inpas. Soms sukkel ons selfs om te sien hoe dinge by God se plan inpas. Vertel vir mekaar wat julle help om in sulke tye moed te hou. Besluit om te bid vir mekaar in sulke tye.

## 16. Kleur die ligstrale regs onder in.

Gister het julle gesels oor tye wanneer dit moeilik is om lig of God se plan te sien. Is daar iemand wat julle ken wat nou deur ’n moeilike tyd gaan? Pluk mooi blomme in julle tuin en neem dit vir hulle. As julle nie blomme kan kry nie, hoe anders kan julle vir hulle lig bring?

## 17. Kleur die stad links in.

Vind uit oor Kerstradisies in ander lande. Hoe vier verskillende mense in verskillende lande Kersfees? As almal oud genoeg is, kan elkeen dalk iets interessant oor ’n ander land uitvind. Vertel vir mekaar van interessante Kerstradisies oor die wêreld heen.

## 18. Kleur die herder links in.

Gesels oor wat dit beteken dat Jesus ons goeie Herder is. Wat is ’n herder? Wat doen ’n herder? Maak nou vir Jesus ’n Kerskaartjie waarin julle vir Hom dankie sê dat Hy ons Herder is. Julle kan die voorkant versier deur skapies van watte te maak. (Onthou julle besluit om die natuur te beskerm.) Skryf binne-in julle dankie-boodskap vir Jesus. Dit is ’n gebedskaartjie vir Kersfees. Hang dit aan julle Kersboom en lees of bid dit op Kersdag.

## 19. Kleur die middelste engeltjie in.

Ouers, vertel wat julle van Kersfees uit julle kinderdae onthou. Hoe het julle onderskeie families Kersfees gevier? Vertel dan almal vir mekaar wat julle van vorige jare se Kersfeesvierings onthou. Wat is vir julle spesiaal aan die manier waarop julle Kersfees vier?

## 20. Kleur die engeltjie regs in.

Sing Kersliedere saam. As julle omstandighede dit toelaat, kan julle selfs ’n paar mense uit julle buurt bymekaarkry en vir ander mense gaan sing.

## 21. Kleur die ster in.

Die ster het die sterrekykers gelei na waar Jesus was. Wie is die mense wat jou na Jesus toe lei, wat vir jou van Jesus vertel en jou meer oor Jesus leer? Bid vir daardie mense. Dink aan ’n kreatiewe manier om vir hulle dankie te sê (’n kaartjie, ’n drukkie, ’n boodskap, ’n liedjie, en so meer).

## 22. (Sondag) Kleur vir Josef in.

Werk almal saam en berei ’n heerlike ete voor. Dek saam die tafel so mooi as wat julle kan. Eet saam en vertel vir mekaar van al die maniere waarop God vir julle goed is.

## 23. Kleur vir Maria in.

Vertel vir mekaar wat julle hoop vir die nuwe jaar wat voorlê. Bid saam vir dié dinge waarvoor julle hoop.

## 24. Kleur die Baba in die krip in.

Voer die Kersverhaal op. Wanneer julle vir mekaar geskenke uitdeel, vertel eers vir elkeen op watter maniere hulle ’n geskenk vir julle familie is.





